**27 Oktober 2025**

# Tygieland-nuus

**Webtuiste:** www.tygies.co.za | **Facebook:** facebook.com/Tygies | **E-pos:** admin@tygies.co.za

## PROGRAM VIR DIE WEEK

| | |
|---|---|
| **Maandag – 27 Oktober** | • Playball<br>• A+ students<br>• Pottebakkery<br>• Young Engineers<br>• Super Somme<br>• Gimnastiek<br>• Krieket-akademie<br>• Netball Ninjas Academy<br>• Juniorkoor 2026: Oefening (13:15-14:00) – skoolsaal |
| **Dinsdag – 28 Oktober** | • **Tygie-10-projek & Tienkie en Tedro verjaarsdag** (sien bl. 2 en advertensie op bl. 4)<br>• **Tygieland-tennis (graad R) 08:00**<br>• **Gehoorsifting toetse**<br>• EQ4KIDS (Emosionele intelligensie)<br>• Professionele tennisafrigting<br>• A+ students<br>• Krieket-akademie |
| **Woensdag – 29 Oktober** | • **Gehoorsifting toetse**<br>• Experi buddies<br>• A+ students<br>• Super somme<br>• Krieket-akademie<br>• Netball Ninjas Academy<br>• Juniorkoor 2026: Oefening (13:15-14:00) – skoolsaal<br>• **Diplomaplegtigheid** (sien bl. 2) |
| **Donderdag – 30 Oktober** | • **Tygieland-tennis (graad R) 08:00**<br>• RSD (rugbyvaardighede)<br>• Hippity Hop<br>• Ballet<br>• A+ students<br>• Professionele tennisafrigting<br>• **Ballet kleedrepetisie by kerk 13:00 – 14:00** |
| **Vrydag – 31 Oktober** | 😍**SNOEPIEDAG**😍<br>• Voortrekkers (Tygieland) |
| **Saterdag – 1 November** | • **INTONATIA ZULU verjaar - (Assistent in Skapieklas)** |

**NEEM KENNIS:**

BEGROTINGSVERGADERING MET OUERS WORD GESKUIF NA

DINSDAG **4 NOVEMBER** OM **18:00**

Voorgestelde skoolgeld, -begroting en oorsig vir 2026

# TYGIELAND

**Waar kinders nog kind kan wees!**

Psalm 4:9

Ek sal in vrede gaan lê en slaap, want U alleen, o Here, laat my veilig woon.

## KURRIKULUM (27-31 OKTOBER)

**GRAAD RR**

**TEMA: Beroepe**
Versie: Die Brandweerman
Liedjie: Die vriendelike dokter (Lollos)

**GRAAD R**

**TEMA: Reptiele**
Versie: Eensame krokodil
Liedjie: Dina hou van diere

## TYGIE-10-PROJEK: DINSDAG 28 OKTOBER

**Tedro en Tinkie verjaar!**

Elke Tygie-leerder word hartlik uitgenooi na Tedro en Tinkie se verjaarsdagpartytjie op **Dinsdag 28 Oktober**. Hulle wens is om ander harte bly te maak, so kom vier saam hulle verjaarsdag. Bring asseblief van die volgende produkte vir die Tygie-10-projek en kom wys vir ons hoe Tygies omgee! Leerders kom met skooldrag skool toe. Om deel van hierdie spesiale verjaarsdag te wees, mag Tygies tiere / tierpootjies met gesigverf op die wange verf. Voorbeelde sal op klasgroepe gestuur word. Ons WEET hulle gaan elkeen se deelname aan die Tygie-10-projek as verjaarsdaggeskenk baie waardeer!

**Voorgestelde inkopielys:**
Pap / Weet-Bix / ProNutro / Rice Crispies / Oats / All Bran / Cornflakes / enige ontbytpap

Ons benodig ook enige ekstra vleisskenkings vir die vrieskas soos **wildsvleis, wors of ander vleissoorte. Vars groente en vrugte is ook weekliks welkom.** Kontak mev. Karien Saayman by karien@tygies.co.za in dié verband.

## DIPLOMAPLEGTIGHEID (GRAAD R): 29 OKTOBER

- **17:00 -** Leerders meld by die **gemerkte klasse** agter die saal aan (vloerplan sal op klasgroepe gestuur word)
- Begin **18:00**
- Tygieland-koor optrede
- Verloop van oorhandiging van sertifikate:
  1. Leeutjieklas
  2. Kameelperdjieklas
  3. Beertjieklas
  4. Uiltjieklas
  5. Jakkalsieklas
  6. Bytjieklas
  7. Skapieklas

**Reëlings vir die aand:**

- **Alle ouers** word vriendelik versoek om tot die einde van die funksie te bly sit.
- Die leerders moet by die onderskeie gemerkte klasse aanmeld. Leerders meld by die klasse agter die saal aan. U kind se klas sal met die **klassimbool** gemerk wees.
- **Kleredrag:**
  Al die graad R-leerders trek denim kortbroekies en hulle rooi Tygieland-hempies aan. Dit is nie nodig dat die leerders skoene dra nie. **Koorlede** kom met hulle koorklere.
- **Hare:**
  Al die kleuters se hare moet netjies wees. Dogters se hare kan los wees, maar moet uit die gesiggie wees. Dogters kan ook **lae** ponies of vlegsels hê, maar dit moet laag wees, anders val die hoedjie af.
- **Plek:** L/s Tygerpoort skoolsaal
- **Parkering en toegang:**
  Ouers parkeer **slegs** voor die laerskool en nie agter by Tygieland nie. Daar is sekuriteitswagte gereël.

***Maak seker dat u kind met hul diploma-sertifikaat en geskenkie huis toe gaan.***

## PERSONEELKONSERT

*Die geheim is uit!* Die personeelkonsert, **Die Raaisel van die Goue Tier**, is binnekort op die planke! Kom kyk na jou gunsteling onderwysers op die verhoog in hierdie geheimsinnige avontuur.

Ons **Tygie-toneelgroep** doen die voorprogram met Romeo en Juliet met Tamatiesous! Dit is 'n Skreeusnaakse stuk om jou lagspiere te prikkel. Jy wil hierdie geleentheid nie misloop nie! Almal is welkom, groot en klein.

- **Datum:** 5 November
- **Plek:** Skoolsaal
- **Tyd:** 18:30
- **Kaartjies:** R50 per sitplek (**onbespreekte plekke**)
  Kaartjies kan **slegs** gekoop word deur die **d6 aanlynwinkel** beskikbaar op die d6 Connect toep**,** by "Meer" (regs onder op die skerm) OF volg die skakel: https://store.sticitt.co.za/LSTygerpoort

Kom kyk of **die raaisel opgelos kan word**...

- ➢ Bestel 'n piekniek-boksie by die Snoepie (sien advertensie op bl. 4). Verskeie opsies is beskikbaar! Inligting vir bestellings sal op die Snoepie WhatsApp-groep deurgegee word.

## KLEUTERTALENTDAG (GRAAD R): 6 NOVEMBER




- Hierdie geleentheid is reeds lank 'n trotse tradisie by Tygieland.
- **Slegs** die **graad R-kleuters** kry die geleentheid om voor hul klasmaats 'n gediggie voor te dra.
- Die graad RR-kleuters neem nog nie aan hierdie geleentheid deel nie.
- Die klasse word in tydgleuwe ingedeel en die leerders dra per tydgleuf vir hul klasmaatjies en hul ouers hulle gediggies voor.
- Baie moeite gaan gedoen word om die Panthera (nuwe gebou) mooi te maak en hierdie geleentheid vir die kleuters spesiaal te maak.
- Die kleuters sal almal 'n verrassing vir hulle dapperheid ontvang.
- Nie net is hierdie 'n spesiale dag nie, maar die kleuters kry ook blootstelling om voor ander op te tree.
- Ons bou so aan hulle selfvertroue om met vrymoedigheid in graad 1 hul mondelinge praatjies te kan doen.
- Die kleuters kan klere dra wat by hulle gediggie pas. Rekwisiete kan ook gebruik word.
- **Ouers** is **self verantwoordelik** om **saam** met hulle **kleuters 'n pret gediggie**, op die **kleuter se vlak**, uit te kies. Leer dan hierdie gediggie vir u kleuter en geniet dit saam met hulle.
- Glo in u kind en bou saam met ons aan hulle selfvertroue!

## TYGIELAND VERDAAG (12 NOVEMBER – 9 DESEMBER)


**NEEM KENNIS:** Graad RR en -R **verdaag** om **12:15,** die wagklas is tot 13:00 en naskool vanaf 13:00 – 17:30.

## GRAAD 1 (2026): SKRYFBEHOEFTES

- "BOOST" ons skool deur die skryfbehoeftes vir 2026 by BOOST PROCUREMENT aanlyn te bestel.
- Elke keer wanneer u aanlyn koop, word 'n persentasie van u aankope aan ons skool terugbetaal.
- Die skryfbehoeftes word by u huisadres afgelewer.
- Die skryfbehoeftelyste is reeds op BOOST PROCUREMENT se webwerf gelaai vir u gemak.

Skakel: Skryfbehoeftelyste 2026


Tienkie &
Tedro verjaar!
+Tygie-10-projek
4
LAERSKOOL
DOELGERIG
TYGERPOORT
TYGIELAND
GRAAD RR & R
28 Oktober
Kom vier saam met
Tienkie en Tedro hul
verjaarsdag met 'n bietjie
"TIER" op jou gesig!
Onthou ook jou Tygie-10-produkte!


05 Nov
PICK A
PICNIC
Personeelkonsert
Prego & Beef Sliders
Mini Quiche
Chicken Strips
Koue Vleis & Kaas
Bestellings by Anél : 082 874 6300
Bestellings sluit Maandag 03/11/2025
@ 15:00
Tygies Snoepie